# JOHANNESBURG ONDER DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

**M S Appelgryn**
*Universiteit van Suid-Afrika*

Gedurende die eerste helfte van 1886 het die republikeinse regering van Paul Kruger heelwat versoekskrifte ontvang van delwers waarin gevra is dat verskeie plase in die omgewing van die Witwatersrand tot openbare delwerye geproklameer word. Hierdie vertoë het gevolg op 'n goudontdekking deur 'n Australiese delwer, George Harrison, op die plaas Langlaagte.

In Augustus 1886 het die Regering 'n kommissie bestaande uit Christiaan Johannes Joubert en Johann Friedrich Bernhard Rissik na die Witwatersrand gestuur om ondersoek in te stel na die lewensvatbaarheid van die nuwe goudvelde. Ten tye van die kommissie se besoek was Joubert die hoof van mynwese van die Republiek terwyl Rissik as landmeter-generaal waargeneem het. Op aanbeveling van die kommissie het die Regering besluit om verskeie plase gedurende September en Oktober 1886 tot openbare delwerye te proklameer. Verskeie kampe bestaande uit tente, sinkhuisies, tentwaens en allerlei windskerms het skielik op die kaal Hoëveld verrys. Die belangrikste kampe was Ferreiraskamp, Meyerskamp en Langlaagtekamp. Van die drie was Ferreiraskamp, geleë op die plaas Turffontein, die grootste. Turffontein was baie sentraal geleë ten opsigte van die omliggende delwerye. Wes van Turffontein was die plaas Langlaagte en in die noordooste die driehoekige stuk staatsgrond, Randjeslaagte. Die delwersbevolking van hierdie drie kampe het die kern gevorm waaruit die latere wêreldstad Johannesburg, sou groei.

Die nuwe dorp is om verskeie redes nie op die terrein van enige van die drie delwerskampe aangelê nie. Die Joubert-Rissik-kommissie het Randjeslaagte verkies omdat dit 'n stuk regeringsgrond van net minder as 300 hektaar was en die verkoop van standplase 'n welkome aanvulling vir die leë staatskoffers sou wees. In September 1886 het die regering J.E. de Villiers se tender aanvaar vir die uitmeet van 600 standplase op 'n gedeelte van Randjeslaagte. Gedurende dieselfde maand is die voorname van Joubert en Rissik ook in die naam van die nuutuitgelegde dorp, Johannesburg, verewig. Johannesburg was dus van die begin af 'n beplande dorp met strate en erwe wat behoorlik deur 'n landmeter opgemeet is en het nie direk uit 'n ongeordende delwerskamp ontwikkel nie. Die Witwatersrandse goudvelde is by wyse van 'n proklamasie in die staatskoerant van 8 September 1886 tot openbare delwerye verklaar. Carl von Brandis is aangestel as die eerste mynkommissaris van Johannesburg en Jan Eloff as sy klerk.

Hoewel Johannesburg deur 'n Boereregering gestig en aanvanklik 'n Afrikaneraard gehad het, het hy gou ontwikkel in 'n uitlandse, vreemde en oorwegend Engelse stad. Die houding wat die Regering teenoor die vreemdelingstad ingeneem het, het onder andere sy munisipale ontwikkeling vertraag. Die Regering het die bestaan van die goudvelde slegs as tydelik beskou en daarom is die plaaslike bestuur aanvanklik toevertrou aan 'n Delwerskomitee onder leiding van 'n mynkommissaris. Die vreemde leefwyse en openlike vyandigheid van die delwers het die Regering oordrewe behoedsaam gemaak in sy onderhandelinge met die Johannesburgers vir groter munisipale seggenskap. Die Oos-Transvaalse goudvelde tydens die bewind van president T.F. Burgers was vuurherde van onrusstokery teen die Regering en daarom het daar nie 'n




*Een van* ***die*** *delwerskampe* *Johannesburg gegroei* ***het, 188?***

Johannesburg)



*Johannes (Jan) Petrus Meyer en sy vrou. Hy was veldkornet van die Witwatersrand-omgewing toe goud ontdek is. Hy was een van die min Afrikaners wat sy vastrapplek in Johannesburg behou het. Hy was ook Volksraadlid vir Johannesburg. Meyerskamp is na hom vernoem.*

(Africana Museum, Johannesburg)

gemoedelike gees van samewerking en wedersydse vertroue met die delwers bestaan nie. Die Uitlanderbevolking is ook by geleentheid in die Volksraad beskryf as ondergrawers van die staat se onafhanklikheid met geen lojaliteit teenoor die Republikeinse Regering nie.[1]

'n Werklike vrees van president Kruger was dat Johannesburg kon ontwikkel tot 'n staat-binne-'n-staat. Om die ou orde te bewaar was dit noodsaaklik om die vreemdelinge se seggenskap in sowel plaaslike bestuur as die sentrale regering tot 'n minimum te beperk. Onder volgehoue druk van die Johannesburgers is die Delwerskomitee in November 1887 as spreekbuis van die stadsvaders vervang met 'n Gesondheidskomitee.[2] 'n Opname kort na die bewindsaanvaarding van die Gesondheidskomitee toon dat daar reeds 'n totaal van 1 085 woonhuise in Johannesburg gebou was. Volgens 'n sensus van die Gesondheidskomitee van 1892 het die Blanke bevolking toe reeds 15 005 getel. Hoewel die Wet op Stadsrade van 1884 bepaal het dat alle Transvaalse dorpe met 'n inwonertal van "boven de 300 zielen" tot 'n stad verklaar kon word en geregtig was op munisipale bestuur, het Kruger volstrek geweier om aan Johannesburg 'n volwaardige munisipaliteit toe te staan. As rede is aangevoer dat Johannesburg 'n "standplaatsdorp" was en nie 'n geproklameerde dorp nie. Volgens hierdie tegniese wetspunt was die grootste dorp in die Republiek nie geregtig op direkte seggenskap in sy eie bestuur nie. Johannesburg is nooit amptelik as dorp geproklameer nie en is eers in 1928 as stad geproklameer. Die Regering se onwilligheid om Johannesburg se status deur wetgewing te verhoog spruit verder uit die feit dat die gelde wat vir standplaaslisensies gevorder is, direk in die staatskas gestort is. Met sy eie verkose voorsitter het die Gesondheidskomitee in alles behalwe in naam as 'n Stadsraad gefungeer.

Taalprobleme het verder aanleiding tot heelwat wrywing tussen Pretoria en Johannesburg gegee. As een van die simbole van sy onafhanklikheid het die Regering geëis dat Hollands as landstaal in plaaslike bestuursaangeleenthede tot sy reg kom. In die Engelse stad was daar min geleentheid vir die praktiese gebruik van Hollands sodat die verpligte taalvereiste om tot kandidaat van die Gesondheidskomitee verkies te word, 'n remskoen vir die stad se ontwikkeling was. In die vroeë negentigerjare het die taalvraagstuk 'n hoogtepunt bereik. Een van die Afrikaanssprekende lede, D. du Toit, het beswaar gemaak teen die gebruik van Engels tydens vergaderings van die Gesondheidskomitee. Waar die Regering voorheen oogluikend die gebruik van Engels toegelaat het, het hy nou beslis dat alle besprekings voortaan in die landstaal moes plaasvind. Sonder die beskermende hand van Pretoria sou alle spore van die Hollandse taal in die Engelse stad verdwyn het.[3]

In Februarie 1895 het die Regering tog gehoor gegee aan die volgehoue pleidooie van die Johannesburgers dat die verpligte gebruik van Hollands 'n stremmende invloed op die bestuursreëlings van die stad uitgeoefen het.[4] Kruger het die gebruik van Engels goedgekeur met die uitdruklike voorwaarde dat alle notules, korrespondensie, kennisgewings ens. in die landstaal moes wees. Die Regering het blykbaar besef dat die gebruik van Hollands te veel gevra was van mense wat so 'n kort


---

1. D.J. Pieterse: *Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836—1886* (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1943), pp. 161—178.
2. Byvoegsel tot *Staats Courant*, 17.7.1889, Volksraadsdebat, art. 964, 15.7.1889.
3. *The Star*, 27.2.1890 (berig oor bedanking van W.H. Rogers); *The Star*, 7.10.1890 (berig oor Gesondheidskomitee).
4. (Johannesburgse Openbare Biblioteek) Notule van vergadering van Gesondheidskomitee, 6.2.1895.




*spanning naby*

Joh rg)


Afd. A.
Ter kennisname.
G. Bosch.
9-9-96
No 1.55.

*Amptelike bevestiging deur Johann Rissik dat Johannesburg na hom en C J Joubert vernoem is.*
(Transvaalse Argiefbewaarplek)

rukkie in die land was en in 'n Engelse gemeenskap gewoon het.

Met die Jameson-inval van 1896 is die Regering gedwing om sy kop-in-die-sand-houding te laat vaar en om die behoeftes van die Johannesburgers in perspektief te sien. Die houding van die meerderheid Gesondheidskomiteelede was 'n weerspieëling van die vyandigheid wat daar teen die Regering tydens die Inval geheers het. In die omstandighede kon die Regering nie langer waag om sy oë vir Johannesburg se eise te sluit nie. Die gebrek aan 'n behoorlike bestuursliggaam was immers een van griewe wat in Leonard se bekende manifes geopper is. In Januarie 1896 het Kruger sy belofte aan die Johannesburgers gestand gedoen deur 'n spesiale konsepwet te publiseer wat ten doel gehad het om 'n stadsraad vir Johannesburg daar te stel.[5] Dit is later aangeneem as Wet 9 van 1897 wat 'n nuwe mylpaal in Johannesburg se munisipale ontwikkeling was. Op 1 Oktober 1897 het Johannesburg se eerste burgemeester, Johannes Zulch de Villiers, in die Goudstad aangekom.

Onder die Stadsraad is Johannesburg se wyke vermeerder van ses tot twaalf met twee verteenwoordigers per wyk. Doornfontein is ook by wyse van 'n Uitvoerende Raadsbesluit by die Stadsraad se regsgebied ingesluit.

Die Regering se onwilligheid om tydig volle munisipale voorregte aan Johannesburg te verleen het die spanning tussen Johannesburg en Pretoria aansienlik verhoog. 'n Voorbeeld vind ons in die openlike vyandige houding wat die lede van die Gesondheidskomitee teenoor die Regering geopenbaar het. Die gebrek aan 'n behoorlike vorm van plaaslike bestuur was ook 'n belangrike bydraende faktor tot die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Die verydelde pogings om groter munisipale selfstandigheid te bekom het die politieke bewussyn van die Johannesburgers in so 'n mate geprikkel dat dit die gevoel van samehorigheid en eensgesindheid aansienlik verhoog het. So is die Transvaal National Union in 1892 uit gefrustreerde munisipale ambisies gebore.

Die ontwikkeling van Johannesburg onder die Zuid-Afrikaansche Republiek was egter nie sonder meriete nie. Johannesburg was 'n unieke stad wat teen 'n geweldige tempo gegroei het. Met die beperkte middele tot hul beskikking het die Gesondheidskomitee, en later die Stadsraad, goed daarin geslaag om Johannesburg se bestuursreëlings so te organiseer, dat die stad spoedig in staat was om aan ander stede en dorpe in die land leiding oor die organisasie van munisipale sake te gee. Toe die Tweede Vryheidsoorlog die stadsbestuur voorlopig beëindig het, was Johannesburg 'n goed geordende stad wat reeds 'n hoogstaande peil van munisipale ontwikkeling bereik het.

---

5. *Staats Courant*, 29.9.1897.